**Vrydag 30 November**

| **Skrifgedeelte: Sagaria 14:16-21** | **Fokusgedeelte: Sagaria 14:16-21** |
| --- | --- |

# In dié dag sal ons toewyding aan die HERE vir ons altyd fees wees

Was dit wat in Nehemia se tyd gebeur het, dalk die Heilige Gees se manier om sy tydgenoot Sagaria van 'n groter en heerliker huttefees te laat getuig (:16)? Toe die volk so hartseer was oor hulle sonde, het Nehemia hulle bemoedig: “Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die HERE – dit is julle beskutting” (Neh. 8:11b, 1953-vertaling). Toe hulle die volgende dag hoor van die huttefees wat met blydskap gevier moet word, het hulle dit dadelik gedoen soos nog nooit tevore nie (Neh. 8:18).

Bedoel Sagaria 14:16 dat ons dié dag van die HERE eers sal beleef as almal oorsee gaan na die aardse Jerusalem om daar jaarliks in hutte van blare te woon? En dat ons volk net deur die HERE geseën sal word as ons dit doen (:17)? Erger nog: Dat ons soos Egipte gestraf sal word as ons dit nie doen nie 9:18, 19)? Aggenee tog! As ons een be-paling van die wet moet nakom om die seën van die HERE te ontvang en te keer dat sy rampe ons nie tref nie, wat dan van die ander? Ons seën kom tog nie uit die voorskrifte nie, maar uit hulle vervulling in Christus.

Nehemia, Sagaria en Paulus help ons om by die waarheid uit te kom: Is ek seker dat die blydskap in Christus vir my soos 'n heerlike koel blaredak bokant my kop is? “Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan alle mense be-kend word. Die Here is naby” (Fil. 4:4, 5; 1953-vertaling). Dís ons voortdurende loofhutte-fees in Christus. Ondersoek jouself.

Dit is egter nie al nie. In dié dag gee die HERE ook heel nuwe betekenis aan ons lewe. Op my perd, my motor, my kombuispotte en werkgereedskap, ja selfs op my vakansie, staan geskryf: “Gewy aan die HERE” (:20, 21). In Christus het my hele lewe 'n fees tot eer van God geword.

Glo u dit? Belééf dit dan met blydskap.

*Sing: Psalm 33-2:1, 7*

*Ds. JA (Johan) Schutte (Emeritus)*